

**Johan Claassen
Broers**
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en
KINDERUITRUSTERS

die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XXI

DINSdag 13 SEPTEMBER 1966


DIE OU MUTUAL
bied u die
beste in
Lewensversekering
SAM 1165

No. 10

Randse Afrikaanse Universiteit:

„SY CHRISTELIKHEID SAL GEEN BEPERKING WEES”

Gewetensklousule in gedrang

„AS die nuwe Randse Afrikaanse Universiteit sy karakter as Christelik-nasionaal bepaal en dit suiwer toepas, is dit geen skending van ware akademiese vryheid nie, het mnr. Frans van der Walt, voorsitter van die Studenteraad die afgelope week gesê na aanleiding van 'n omsendskrywe van Nusas waarin studente aangevuur word om die saak van die gewetensklousule weer sterk in die brandpunt te plaas.

Die omsendskrywe van Nusas bevat 'n artikel uit die Star, 'n Engelstalige middagkoerant, waarin beweer word dat elke universiteit in die land, met insluiting van die P.U., 'n variasie het van die gewetensklousule.

Volgens die artikel is die P.U. se „variasie” van die gewetensklousule daarin geleë dat geen kerklike toets by benoeminge aangelê mag word nie, en dat niemand op grond van sy godsdienstige geloof belet mag word om student aan die P.U. te wees nie.

„Hiermee is die tipies relativistiese standpunt geopenbaar van diegene wat 'n sekere opvatting het oor akademiese vryheid en vroeg en laat alle soorte ongebondigheid daarmee wil regverdig,” het mnr. Van der Walt gesê.

Die „kerklike toets” word gesien as slegs 'n variasie op die toetsing van die godsdienstige geloof — daar is slegs 'n graadverskil tussen die twee.

BREEK

„Hierteen wil ons beklemtoon dat die bepaling dat die Raad van die P.U. by die benoeming

gespeel het met deurvoering van die wetsontwerp.

Die artikel maak sterk bewaar teen die afskaffing van die gewetensklousule aan die nuwe Afrikaanse universiteit.

„Kan die Star verklaar waarom sekere van ons Suid-Afrikaanse universiteite die broei-plek van liberalisme is?” het mnr. Van der Walt gevra. Hy meen self dat die rede hiervoor gevind moet word in die rol 'n bepaalde „belief”, 'n lewens- en wêreldbeskouing, speel in die betrokke universiteite. Dit is juis die lewensbeskouing wat die „pusuit of knowledge” en veral die kennis van die antropologiese geesteswetenskappe, sterk beïnvloed aan dié universiteite.

BEDANKING

Met die laaste uitgawe van die termyn is dit my voorreg om 'n woord van hartlike dank te rig aan alle lede van die studentegemeenskap van die P.U. wat in die afgelope tyd 'n aandeel gehad het in die verskyning van Die Wapad.

My hartlike dank aan:

Die eienaar en personeel van Enslins, die drukkers vir hulle volgehoue bereidwilligheid om altyd diens en hulp te verskaf.

Mnr. Piet van Maarleveld van Fotokuns wat die ontwikkeling en afdruk van foto's gratis gedoen het en selfs onder drukke werksaamhede foto's geneem het.

Aan mnr. Arrie de Beer wat dikwels berigte beskikbaar gestel het.

Aan die redaksie my hartelike dank.

Die aftredende redaksie van die Wapad vir die afgelope termyn is: mnr. P. de Klerk, J. Theron, N. Smit, P. Mulder, P. Claassens, P. van Ryneveld, F. Steyn, P. Roodt, J. Havenga, D. van der Berg, A. van Rensburg, M. van der Merwe en mej. L. Smit, S. Potgieter, D. Basson, H. Coetzee, M. Potgieter, H. Elshof, H. du Plessis, A. Coetzee.

A. J. REINECKE

Hoofredakteur 1965/66

WOENSDAG VERKIES

Die verkiesing van die Studenteraad vir die volgende termyn vind op Woensdag 14 September plaas.

Na verneem word sal die verkiesing soos verlede jaar die geval was, deur die loop van die dag plaas vind en sal geen klas-ampelik afgegee word nie. Die name van die kandidate vir die verkiesing sal in die loop van die week bekend gemaak word.

Lyste met die name van stemgeregtigdes is reeds op kennisgewing borde op die kampus aangebring.

Stembussies sal weer by die Studenteraadskantoor deur die loop van die dag in werking wees.

A.S.B. WAS 'N KAPSTOK IN GROTER STRYD Sê MULDER

Die A.S.B. het in gedrang gekom in 'n stryd tussen baie groter magte, het dr. C. P. Mulder, Volksraadslid vir Randfontein, tydens 'n onlangs programvergadering van die plaaslike A.S.B.-tak gesê. Dr. Mulder het verwys na die aanvalle wat deur verskeie Afrikaanse koerante op die A.S.B. gedoen is, nadat 'n mosie van dank en waardering in die optrede van mnr. S. E. D. Brown, redakteur van die S.A. Observer, tydens die afgelope A.S.B.-kongres eenparig aangeneem is.

LAMSAKKIG

„Die A.S.B. en ons maak pers-hooflyne. Ek wil my dank uitspreek vir die nugter houding van die P.U. in die saak”, het dr. Mulder gesê. Hy het gese dat die optrede van sekere Afrikaanse universiteite vir hom aangenaam is, maar van ander het hy meer veerwag as net 'n „lamsakkige, jellie-agtige optrede.”

Dr. Mulder het gesê dat die A.S.B. niks anders gedoen het as om 'n blad te ondersteun wat

Studente dink te min?

Is Suid-Afrikaanse studente bang om te dink? Lees op bladsy 7 wat 'n besoekende student uit Engeland van die Suid-Afrikaanse student te sê het.



Dr. H.F. Verwoerd, die ontslape Premier van Suid-Afrika wat die afgelope naweek ter ruste gelê is, ontvang hier 'n ere-doktorsgraad van prof. Chris Coetzee, die destydse rektor van die P.U., tydens die gradeplegtigheid in April 1961.

Foto: Fotokuns.

ONS TREUR

Dit is met leedwese dat die studente van die P.U. vir C.H.O. verneem het van die afsterwe van ons geliefde Eersteminister, dr. H. F. Verwoerd.

'n Groot leier het heengegaan. Die wyse waarop dit geskied het, vervul ons met die sterkste afkeur.

Maar ons berus in God: Hy heers vir ewig deur sy mag; sy oë hou wag oor die nasies. Laat die wederstrewiges hulle self nie verhef nie. (Psalm 66 vers 7)



Mnr. Frans van der Walt, voorsitter van die Studenteraad.

Foto: Fotokuns.

van personeellede, moet toesien dat die Christelike karakter van die Inrigting gehandhaaf word, radikaal breek met die gees van die gewetensklousule en dat hier geen sprake is van 'n „variasie” nie” het mnr. Van der Walt gesê.

Mnr. Van der Walt het gesê dat die studente van die P.U. vir C.H.O. in dankbare herinnering dink aan die rol wat dr. H. F. Verwoerd in die Senaat

Agente vir:
**INNOXA
VITAMOL
CUTY**

Besoek ons uitgebreide
GESKENKAFDELING

DIE BULT-APTEEK

Tomstr. 88b & c — Tel. 5943

Ondersteun 'n Oud-Pukkie



KUNSGESELSE

Die dramatiese kuns vind, teologies gesproke, sy plek in die liturgie. Want hoe ryk of hoe arm, hoe ontwikkel en hoe vermink die liturgie van die kerk ook mag wees, bly dit drama en in iedergeval kuns.

Jacques Maritain sê oor die onderwerp: „Considérez la liturgie, c'est le type transcendant et réminent des formes d'art chrétiennes: l'Esprit de Dieu l'a lui-même facornée, pour pouvoir s'y complaire." Nie dat die liturgie in die eerste plek kunswerk is nie. Die kerk is allerminste 'n dramatiese instituut. Die skoonheid van die liturgie behoort tot die gawes van God, wat ons toebedeel word wanneer ons die Ryk van God soek. As die nie gedoen word nie, dan word die liturgie 'n toneelstuk van sonde.

Dit neem egter nie die feit weg nie dat die liturgiek in iedergeval drama is en as sodanig kuns.

PREEK

'n Preek is 'n vorm van woordkuns, al soek die prediker ook nie doelbewus na skoonheid nie.

Die drama het sy ontstaan in die primitiewe liturgie en dit maak in die loop van die geskiedenis 'n proses van sekularisasie deur in geestelike en wêreldlike drama, in liturgie en toneel.

As die mens die drama nou nie net tot sy historiese nie, maar ook tot sy teologiese oorsprong terug herlei, tot die oorsprong van die Skepping, dan moet die twee rigtings mekaar weer ontmoet, dan moet ons terugkeer na die liturgie.

Liturgie, met 'n hoofletter, nie die alomvattende liturgie van die geskiedenis nie, maar die Liturgie

van die Kerk van Christus — die erediens — begin met die Engelelied van Lukas en eindig met die loflied van die saliges voor die troon van die Lam. Die beweging en teenbeweging, wat die drama vorm, vind volgens Christelike beginsel sy begin in die beweging en teenbeweging van die Liturgie, in die beweging van God na die wêreld toe en die beweging van die mens, wat God nader en tegemoet kom.

D. v.d. B.

Plegtigheid sal langer duur

Die Raad van die Potchefstroomse Universiteit het besluit om voortaan die jaarlikse Gradeplegtigheid oor twee dae te hou.

Die Vrydagmiddag van die plegtigheid sal alle eerste grade en voorgaande diplomas uitgereik word. Die Saterdagoggend sal alle honneursgrade, magistergrade, na-grade diplomas en ander grade uitgereik word.

UITSTALLINGS WAT KOM

Kunsliefhebbers van Potchefstroom het vanjaar reeds die geleentheid gehad om verskeie vooraanstaande kunstenaars se uitstallings te beskou.

Die program vir die res van die jaar lyk ook indrukwekkend en sien soos volg daaruit:

7-17 September, olieverfstukke van Frans Claerhout.

19-30 September, „Die blaue Reiter," Duitse ekspressionisme.

3-14 Oktober Skilderye van die „Vrystaatse Groep," Bloemfontein.

31 Oktober - 5 November, Jaarlikse salon van die plaaslike kunsvereniging.

7-11 November, Kindertentoonstelling.

Bo en behalwe bogenoemde word Esias Bosch ook op November verwag met 'n uitstalling van keramiekwerk, Belgiese- en Franse kuns.

Regsboeke aan P.U. geskenk

Mnr. F.B. Gillet, 'n ou bekende in Potchefstroom en tans 'n afgetrede prokureur, het op Woensdag 17 Augustus 'n aantal regsboeke aan die Universiteit oorhandig.

Sommige van die boeke dateer uit die jaar 1902, en is vandag byna onverkrygbaar.

Die oorhandigingsplegtigheid het in die biblioteek plaasgevind en is deur die rektor, prof. H.J.J. Bingle en die Universiteitsbibliotekaris, prof. H.C. van Rooy, bygewoon.

WYNAND STEYL STAL IN FRANS DU TOITGEBOU VAN P.U. UIT

Wynand Steyl, jong kunstenaar van Pretoria het vanaf 26 Augustus tot 2 September 'n baie geslaagde uitstalling van skilderye en beeldhouwerke in die kunslokaal in die Frans du Toitgebou van die P.U. aangebied.

Steyl beskou sy eie werk as semi-abstrak, hoewel hy erken dat hy nooit werklik van die natuur afwyk nie; al vertoon die uiterlike vormgewing 'n non-figuratiewe karakter.

'n Mens kom inderdaad onder die indruk dat die „natuur"- en

veral die innerlike menslike ekspressie die vertrekpunt vir al sy werk blyk te wees. In die werk is 'n emosionele idee aanwesig wat die kunstenaar met die beskouer wil deel, wat mens 'n diep simboliese ekspresionisme kan noem.

Dit is seker die „idee" wat hom gelei het as kunstenaar, na die toetsing van soveel moontlike liniêre variasies en tegnieke wat die tekenkuns maar kan bied. Vandaar die groot verskeidenheid van media.

EKSPRESSIONISME

'n Gedagte wat 'n rariteit is, is dat hy as liniêre kunstenaar die ekspresionisme as onderliggende doelstelling beoefen om die toeskouer van sy kunstenaarskap te oortuig. Gewoonlik is dit die kleur wat primêr bydra tot die werklike gestaltegewing van emosionele gewaarding, en nie die lyn as sodanig nie.

Daarom is Wynand Steyl ook beeldhouer. Die kunsuiting bied hom verder die geleentheid om die lyn in te span om sy emosionele beleving te veruitwendig in die vorm wat anders as die tekeninge, los staan in die ruimte. Ook hier, in die medium van hout, blyk dit dat hy die liniêre voorop stel. Dit is minder geslaagd as die tekeninge waar die talent en vakmanskap van die kunstenaar beter verantwoord is.

Studies wat dadelik die oog gevang het is: *Weerlig, Herinnering-oggenddiens, Reën, Nagblomme*. By die beeldhouwerke is veral *Applous* en *Lied en Vrou* treffend.

P



Hettie Combrinck wat die rol van Antigone vertolk. Sy is 'n tweedejaar B.A.-student.

Foto: Fotokuns

Dramastudente voer drama nog in September op

Die Departement Spraakleer en Drama van die P.U. maak vanjaar sy debuut met die opvoering van *Antigone* van Jean Anouilh. Dit is 'n moderne herskepping van die klassieke Griekse drama van Sophocles.

Anouilh het die karakters van die klassieke tyd aangebring na die moderne tyd. Deur hierdie oorplasing van die spel uit die klassieke tyd het die skrywer daarin geslaag om 'n karakter van tydloosheid aan sy drama te gee. Dit is tans nog klassiek, nog modern — dit behoort aan alle tye.

OPSTAND

Die verhaal van *Antigone* is

kortliks die opstand van die enkeling teen die staat, die held in stryd met die massa, die konflik tussen die aanvaarding of verwerping van sekere waardes.

Antigone staan onder regie van mnr. Teunis Botha — hoof van die Departement Spraakleer en Drama. Al die spelers is dramastudente. Dit word op 24, 25 en 27 September in die studentesaal opgevoer.

Pierneef aan P.U. geskenk

Een van die oudste en heel eerste skilderye van Pierneef is aan die P.U. geskenk vir bewaring.

Die geskenk is gemaak deur mev. C.M.J. Tidmarsh, suster van dr. Jan Steyn, oud-L.V. vir Potchefstroom.

'n Skildery van dr. Steyn is ook geskenk.

Prof. W.P. Robbertse het namens die Universiteit die twee skilderye in ontvangs geneem.

Die skildery van dr. Jan Steyn sal by die boekery wat hy vroeër reeds aan die Universiteit geskenk het, gevoeg word.

Sal kampusnuus oral versprei

'n Nuwe nuusblad met die naam „Campus" sal vanaf volgende jaar aan die P.U. uitgegee word.

Die universiteitsnuusblad sal kampusnuus versprei onder oud-studente, donateurs, die handel en die nywerheid, en ondersteuners van die Universiteit.

Die blad sal glo tien keer per jaar verskyn.

Die bestaande oud-studenteblad van die Universiteit, wat bekend is as „Die Veteraan", sal voortaan slegs een keer per jaar verskyn.

GISELA MAIWALD

Fotograaf en Fotografiese Dienste

TOMSTRAAT 100 — POTCHEFSTROOM

BIERMANSKAP!



'EEU'ERIEP!

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92

Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en Sokkies

ONS BRING HULDE



8 SEPTEMBER 1901 H.F. VERWOERD 6 SEPTEMBER 1966



Verlede naweek het die P.U. ongeveer twintigduisend rand skade gely toe 'n rukwind 'n groot gedeelte van die dak van die Faramasiegebou afgeruk is. Ongeveer 120 vierkante voet van die totale dakoppervlakte is beskadig. Die duur toerusting in die boonste verdieping is nie beskadig nie. Op die foto bo, kan 'n gedeelte van die dak van die gebou gesien word.

Foto: Fotokuns

Kennedy tree voor Pukke op oor huwelikslewe in Amerika

Die twee belangrikste waardes in die huwelik bly nog die kerk en Bybel het prof. Kennedy besoekende lektor uit die V.S.A., gesê toe hy studente van die P.U. onlangs in die Frans du Toitgebou oor die huweliks- en gesinslewe in Amerika toespreek het.

Prof. Kennedy het op die groot veranderinge in sosiale waardes wat in die afgelope dertig jaar in Amerika ingetree het, gewys. Hy beskou die veranderinge as 'n noodwendige gevolg van die geïndustrialiseerde samelewing.

„Maatskaplike veranderinge dui nie noodwendig op morele agteruitgang nie. Diegene wat gedurig na die ou dae wil terugkeer, is nie in staat om hulle by die veranderde omstandighede aan te pas nie,” het prof. Kennedy gesê.

OORBOORD

Met verwysing na die Amerikaanse gesin het prof. Kennedy gesê dat sekere waardes in die plek van ander gestel is. Dit beteken nie dat alle waardes oorboord gegooi is nie.

Waar die gesin vroeër 'n hegte eenheid gevorm het, dien die gesin vandag by die meeste kinders slegs as „vulstasie.” Die gemeganiseerde samelewing het hiertoe bygedra.

MOTORS

In Amerika is dit 'n algemene verskynsel dat ouers vir hul kinders motors aanskaf sodra hulle sestien word. Dit werk uit-huisigheid in die hand en bring mee dat die lede van die gesin selde saam ontspan.

Volgens prof. Kennedy is parking een van die grootste probleme aan die universiteit waarvan hy verbonde is. Van die 16,000 studente besit minstens die helfte motors.

Prof. Kennedy het die noodsaaklikheid van huweliksvoorligting beklemtoon en daarop gewys dat die kursus in huweliksvoorligting wat hy tuis aanbied, nie alleen by die studente groot byval vind nie, maar ook by die ouers.

Volgens prof. Kennedy wil dit voorkom of die studente in die V.S.A. oor die algemeen meer openhartig is as Suid-Afrikaanse studente.

Ten slotte het prof. Kennedy verklaar dat hy meer vertroue in die hedenhaagse geslag het

om die probleme van ons tyd op te los, as in die huidige volwasse geslag. Die rede hiervoor is dat die moderne jeug meer opgewasse is vir die taak as die jeug van twee dekades gelede.



Prof. Kennedy (tweede van links) in die geselskap van enkele professore van die P.U. Aan sy regterkant staan prof. H.J.J. Bingle, Rektor van die Universiteit. Lees berig langsaan.

Foto: Fotokuns.

AFRIKANER VERKIES OM VOLKSEIE TE BEHOU

„Die Afrikaners verkies om 'n klein volk te bly en die volkseie te behou eerder as om opgeneem te word in 'n groter wêreld”, het dr. Connie Mulder L.V. in 'n toespraak voor die P.U.-studentemassa gesê. Dr. Mulder het die woord gevoer tydens 'n onlangse programvergadering van die plaaslike A.S.B.-tak.

Dr. Mulder het die Afrikaanse konserwatisme geskets en gesê dat dit uit die Afrikaner se Calvinisme voortspruit. Uit die Voortrekkers se individualisme en hul isolasie het die konserwatisme outomaties voortgevoel, het hy gesê.

ANDERS

Die Afrikaanse volk het hom beskou as 'n tweede Israel. Hy het besef hy is nie soos al die ander nie. Hy is anders en wil anders wees.

Die Afrikaner glo dat die wê-

Nuwe koerant

Universiteitsnuus van studentenuus geskei?

Deur die hoofredakteur

DIE verskyning van 'n koerant met die naam CAMPUS, wat tien maal per jaar sal verskyn en „universiteitsnuus” na buite sal dra, word vir aanstaande jaar beplan. Die koerant neem as't ware die taak van Die Veteraan, gereelde publikasie vir oud-studente, oor.

Dat oud-studente so iets verwelkom is baie duidelik. En gesien in die lig van die feit dat dit ook na ander groter instansies sal gaan, sal dit sekerlik 'n heilsame invloed in belang van die P.U., kan uitoefen.

Aangesien die Perswetenskap-mense van die Universiteit by die saak gemoeid sal wees, kan 'n mens net hoop dat dit aan die studente in die Perswetenskap die geleentheid sal bied om prakties deel te neem aan die uitgee van 'n koerant.

Vandat die Departement Perswetenskap aan die P.U. bestaan, kon Die Wapad egter nog weinig baat vind by die studente wat in die rigting van die joernalistiek opleiding ontvang aan die P.U.

KAPSIE

Oor die rede hiervoor wil 'n mens nie nou ingaan nie, want daar is in 'n vorige uitgawe sterk kapse gemaak teen die eienaardige verskynsel. Destyds is ook geen antwoord ontvang nie.

Feit bly egter staan dat Die Wapad, onder deskundige hulp, wat seker daren van die Departement Perswetenskap kan uitgaan, presies dieselfde rol kan vervul as wat die sogenaamde CAMPUS moet vervul. Die oud-student stel nie in fakulteitsnuus alleen belang nie, maar ook 'n

die studentelewe soos dit vandag is.

Die studentekoerant is seer sekerlik die barometer van die studentelewe, of behoort te wees.

SUKKELBESTAAN

Ongelukkig moet die studentekoerant altyd 'n sukkelbestaan voer omdat so min studente bekwaam genoeg is om die vele fasette van die koerantwerk te behartig. Geen studente met tegniese ondervinding en genoegsame taalondervinding in die koerantwêreld kon in die afgelope jaar gevind word nie, ten spyte van herhaaldelike advertensies in Die Wapad.

Die behartiging van advertensies vir die studentepublikasie is 'n ewe moeilike en tydrowende taak. Geen student is vandag meer bereid om ure per dag te wei aan die werf van advertensies, opstel van kontrakte en die uitstuur van rekeninge aan adverteerders nie. Daarby het geen student wat bekwaam ge-

noeg is, vanjaar belang gestel in so 'n pos op die redaksie nie. Teen 'n geringe vergoeding sou vele wonders seker verrig kon gewees het.

Die vraag ontstaan nou of daar nie liever gedink moet word aan die lowering van 'n enkele publikasie wat sowel die taak van Die Wapad as die voorgestelde taak van Campus, sal oehartig nie. Of moet daar in die toekoms 'n onderskeid gemaak word tussen universiteitsnuus en studentenuus? En wie gaan die grens dan trek?

Dit blyk duidelik dat twee publikasies oor studente- en universiteitsaangeleenthede mekaar in die geval sal oorleuel. Waarom dan twee koerante? As daar werklik so baie is om oor te skryf, kan die nuwe publikasie meer dikwels verskyn in plaas van tien keer per jaar.

Die onnodige vermorsing van tyd en geld kan uitgeskakel word. Maar laat dit dan nie 'n koerant wees wat deur twee of drie man uitgegee word nie, maar betrek al wat 'n Perswetenskapstudent is, daarby.

Gas uit V.S.A.

Konserwatiewes verkies tot S.R.

Twee konserwatiewe studente van die Universiteit van die Witwatersrand, Tim Bester en Clive Hewitt, is na 'n intensiewe verkiesingsveldtog verkies tot lede van die verteenwoordigende studenteraad.

Die konserwatiewe studente, wat verlede jaar vir die eerste keer gepoog het om lede van die Studenteraad te word, het vanjaar reeds diep inslag op die kampus gevind. Hulle het verlede jaar maar sowat vyfhonderd stemme gekry. Die getal is vanjaar verhoog tot 738.

Dis 'n buitengewone prestasie vir „'n klub wat konserwatief gesind is,” het Tim Bester onlangs gesê.

MOENIE KANSE VAT NIE . . .

Kies

FOTOKUNS

vir

PORTRETTE

en

GROEPFOTO'S

MAAK 'N AFSpraak — SKAKEL NET 3185

STUDENT VERDEDIG S. E. D. BROWN

Geagte Redaksie,

Genuine tyd reeds doen 'n massa „Old Wives' Tales” oor die geval Brown die rondte. Die somtotaal feitlikheid in die aanvalle teen Brown beloop net mooi 'n ronde nul.

Reeds elf jaar lank bestee mnr. S.E.D. Brown in sy koerant, die „S.A. Observer”, tyd en aandag om die Republiek van Suid-Afrika te waarsku teen fraternalisasie met, en daardeur beïnvloeding deur volksvreemde en -gevaarlike elemente. Reeds elf jaar lank voer die „S.A. Observer” 'n sukkelbestaan vanweë die louheid en kortsigtigheid van die mense wie se belange hy op die hart dra, en vanweë die ongelooflike neutraliteit van die Afrikaanse koerantwese.

Na elf jaar besluit sommige „prominente” Afrikaners dat die waarheid wat hulle reeds elf jaar moes aanhoor, nou te seer maak om verder verduur te word. Aanvalle word op mnr.

Brown se koerant geloods en re-fleksie op sy integriteit gewerp.

Die uitstaande kenmerk van hierdie aanvalle is dat daar geen poging aangewend word om die feit en beginsels deur mnr. Brown gestel, op enige wyse hoe-genaamd te weerlê nie. Nee, op 'n lafhartige, ongemotiveerde wyse word mnr. Brown verdag-gemaak met behulp van die pers wat hy tevergeefs tot opregtheid en waaksaamheid probeer aan-spoor het. Is dit omdat hierdie „prominente” Afrikaners 1. vrees dat die waarheid sal deurdring tot die mense aan wie hulle hulle prominensie te danke het of is dit omdat 2. hulle met die wete dat daar geen verweer teen die waarheid is nie, mnr. Brown vroegtydig wil uitskakel sodat hulle die ingeslane weg van om-helsing van volksvreemde ele-mente ongekritiseer kan bewan-del?

Ons wag tevergeefs op antwoorde op kritiek gelewer teen mnr. Brown. In die Julie 1966 uitgawe rig mnr. Brown o.a. die vraag aan die adres van Dr. Anton Rupert i.v.m. die gratis verskaffing van sigarette deur een van sy maatskappye aan politiekaangehoudenes in Rhodesië. Hierdie vraag word soos honderde andere oor 'n tydperk van elf jaar onbeantwoord gelaat.

Omdat hierdie vrae en aan-tygings steeds op feite berus, wil ons ook ons vraagteken plaas agter sekere name en wil ons as Afrikaners ons dank betuig aan mnr. S.E.D. Brown dat sy waaksaamheid nie verslap nie.

En van die „prominente” Afrikaners wil ons weet waarheen hulle gaan en wat hulle daar doen. Ons land het te veel probleme vir 'n lafhartige mede-reisigerhouding.

Die uwe.

Hans Swanepoel

Toekomstige Puk maak stem dik

Geagte Redaksie,

Vergun my om na aanleiding van mejj. M. Raath en L. Briers se klagte in Die Wapad van 3 Augustus, as volg te antwoord:

Op die wysie van Dear Heart: Dear Editor, there is something I must tell you, Something sad and impossible for me to say;

For I know how little weight this will carry And how undemocratic the „Studente Raad” is to-day. We poor little souls, may say nothing.

And we must keep everything on our liberal minds

But there's just one thing that's troubling me, how come, that I can say what I am saying now?

'n Toekomstige Puk.

Kaapstad.

Kontak Buite Suid-Afrika

Geagte Redaksie.—Die Afrikaanse student word vandag daarvan beskuldig dat hy net op homself is en dat hy nie buite optree nie. Maar omdat ons oortuig is van ons standpunt, het ons ook vrymoedigheid om dit aan ander te stel.

Die geleentheid word nou geskep vir elke student om deur kontak met buitelandse studente ons land se saak te stel. Daar is nl. kontak gemaak met „The International Correspondence Bureau” in Wes-Duitsland, wat studente oor die hele wêreld in verbinding stel met mekaar d.m.v. korrespondensie. Deur van hierdie Buro gebruik te maak, kan met studente oor die hele wêreld gekorrespondeer word.

Studente wat belang stel in hierdie saak kan vir volle besonderhede in verbinding tree met mnr. Ben de Klerk of met ondergetekende voor die einde van September.

Sonder om propaganda te maak, kan u in hierdie saak bydra tot 'n verrykende ondervinding vir uself en kan u die bewering dat die Afrikaner oogklappe aan het, die nek inslaan.

C. G. v. d. MERWE.

Kuludames berispe Pukke oor swak A.S.B.-bywoning

Geagte Redaksie,

Op die laaste koshuisvergadering in De Klerkhuis, is daar gekla oor die swak bywoning van A.S.B.-vergaderings. Daar is toe algemeen besluit om hierdie skrywe aan u te rig.

Die studente wat wel die A.S.B.-vergadering van die 25ste Augustus bygewoon het, moes hulle skaam vir die Puk.

Die sprekers wat voor ons optree, is altyd manne van formaat, maar nou laat ons hierdie mense van ver af kom om ons te kom toesprek en dan sit die studente skaars 'n kwart van die studentesaal vol.

VEREMINKIE

Miskien verloor ons te maklik uit die oog wat die A.S.B. is en is ons geneig om dit te sien as 'n vereniginkie van 'n paar „konserwatiewe” Pukke. Die A.S.B. vorm die kern van gesonde Afrikaanse studente-lewe dwarsdeur die land.

Alle eerstejaars was verplig om hierdie vergadering by te woon; daar was bloedweinig. Die seniors stel ook nie die nodige voorbeeld nie. Van die verre-gaande onbeskoftheid van party

MENINGSVER! L:

STUDENTEMENINGS IS GEVRA OOR VERKIESINGSTELSEL

IS die huidige stelsel van verkiesing en samestelling van die Studenteraad nog doeltreffend? Die vraag is aan 'n aantal bekende studente gestel. Daar was 'n groot meningsverskil oor die saak.

Ons huidige stelsel kan heelwat verbeter, meen mnr. Gerit Coetzee. Hy is ten gunste daarvan dat die verteenwoordiging van hoofliggame verminder word en dat addisionele lede op die Studenteraad uit die massa verkies word. Hy is nie 'n voorstander van openbare propaganda voor 'n verkiesing nie; 'n skriftelike beleidsverklaring kan wel 'n goeie doel dien, het mnr. Coetzee gesê.

SWARTSMEER

Mnr. Hans Malan sê dat die huidige stelsel uitgedien is en ook inherente swakhede bevat.

Dame wil weet wie presteer

Geagte Redaksie,

'n Mens hoor deesdae so baie van rekords en allerhande prestasies. Dan dink 'n mens ook onwillekeurig aan ons eie studentehandboekeksamen, ongeag daarvan dat sekere elemente dit nou wil afskaaf.

Waar baie studente nou op die oomblik nog wag op die uitslae van die eksamen op 6 Augustus, sou ons graag wou hoor hoe die uitslae in die annale opgeteken is.

Wat was nog die meeste wat behaal is, deur wie, wat doen hulle, ensovoorts.

'n Mens sou dan graag ook wil hoor wat die persone se mening is oor die wenslikheid van die voortbestaan van die studentehandboekeksamen.

Die uwe,

(Mej.) D. Buitendag (Weens gebrek aan tyd kan daar nie aan al u versoeke aandag gegee word nie. Die afgelope paar jaar het die volgende persone in die handboekeksamen die beste presteer: 1964: A. J. Reinecke (84%) 1960 B. C. Lessing (92%), 1962 Mej. M. J. Pienaar (89%) en 1965 Mnr. D. W. Fokker (84%).

Verdere besonderhede kan egter by die Studenteraadskantoor verkry word. — Red.)

Kandidate vir die Studenteraad is nou aangewys op fluister- en swartsmeerveldtogte. Die eliminasiestelsel en nominering vir meer as een pos lei daartoe dat familie- en skoolgroepbelange bevorder word. Magsgroepe ontwikkel ook hierdeur. Oorwegings van lewensbeskouslike aard word, weens die stelsel van minder belang by die keuse van die kampuileiers.

GOED

Die huidige stelsel funksioneer heeltemal goed, sê mnr. Poen Coetzee. Dit sorg daarvoor dat mense wat diens lewer die Studenteraad bereik.

INSIG

Mnr. G. S. Labuschagne meen dat die huidige stelsel wel manne wat diens lewer, bevoordeel, maar nie altyd mense met insig op die Studenteraad plaas nie. Studenteraadslede moet nie in die eerste plek organiseerders wees nie, maar beleidsbepalers. Die huidige stelsel is nie verteenwoordigend genoeg nie. Hy het saam met 'n aantal ander nagraadse studente en veterane in die studente-lewe, mnr. Lappies Labuschagne, Danie van

Wyk, Jan du Plessis, Rassie Smit en Chris van Ryssen 'n nuwe verkiesingstelsel ontwerp. Volgens die stelsel kies studente van elke fakulteit twee lede op die Studenteraad. Die raad kies sy eie voorsitter. Die voorsitter wys uit die raad dagbestuurslede aan asook twee verteenwoordigers vir elk van vier liggamme wat die verskillende fasette van die studente-lewe verteenwoordig. In so 'n stelsel is propaganda-voering voor 'n verkiesing nie nodig nie.

PROPAGANDA

Fakulteitsvertenwoordiging is nie wenslik nie, sê mnr. Roelf du Plessis. Vertenwoordiging van sosiaal-akademiese verenigings op die Studenteraad is wel noodsaaklik. Die Studenteraad moet egter steeds belangvertenwoordigend wees. Dit moet nie net groepe studente vertenwoordig nie. Hy is ten gunste van ope verkiesings waar kandidate skriftelik beleid formuleer. Dit sal agteraf-propaganda voorkom.

Dames moet groter vertenwoordiging op die Studenteraad kry, sê mnr. Theo Vorster. Hy meen dat die huidige stelsel volkome uitgedien is. Fakulteitsvertenwoordiging sal meer doeltreffend wees. Dit is goed as die Studenteraad self lede kan koöpteer, bv. 'n studente-organiseerder. Hy is gekant teen die huidige stelsel van eliminisie, het mnr. Vorster gesê.



Nagraadse studente aan die P.U. deureis jaarliks groot dele van Suid-Afrika in belang van die navorsing wat gedoen word. Op die foto hierbo is mnr. J. Matthew van die Departement Dierkunde besig om sy slaapsak op te rol na 'n aangename nagrus onder die sterrehemel.

Mr. Matthew het by die geleentheid opnames gedoen in die riviere van Oos-Transvaal. Binne die bestek van twaalf dae het hy byna twee duisend myl afgelê om die verskillende riviere te bereik wat bydra tot die vorming van die Komatiesistees. Sy reis neem hom dikwels deur die Kruger-wildtuin.

„Hier slaap ons gelukkig in die ruskampe”, het hy aan ons verslaggewer gesê. Ten spyte van die feit dat daar dikwels 'n veldwagter teenwoordig is, bly 'n mens maar versigtig as jy dit so naby die seekoeie en krokodille moet waag om watermonsters te neem, vertel hy.

Foto: Tulané.

Oud-dosent het taak voltooi

Prof. S.P.E. Boshoff, voormalige dosent aan die P.U. tussen die jare 1915 — 1928, gaan eersdaags 'n boek, „Afrikaanse Entimologie”, publiseer waaraan hy vyftig jaar lank gewerk het.

In die proses — waarin hy die herkoms van woorde in Afrikaans naspeur — het prof. Boshoff talloze tale, taalgroepe en dialekte onder die vergrootglas geneem. Die uiteindelijke manuskrip beslaan meer as 900 folio's.

Die boek sal 'n groot leemte in die Afrikaanse taalkunde vul: nie alleen sal die herkoms van woorde baie geheime opklaar nie, maar dit sal ook 'n waardevolle bydrae wees tot daardie gedeelte van die taalkunde wat arm is aan gesaghebbende literatuur.

● Prof. Boshoff werk vir die afgelope vyftien jaar vanaf drie-uur soggens tot nege-uur in die aand.

★ Huise
★ Plase
★ Plotte
★ Besighede
★ Standplase

BESOEK MY EERSTE VIR
'N EERLIKE TRANSAKSIE

Eienaar:

G. Schoonhoven

Tomstraat 86a Telefoon 5136
Na-ure 6056
Huisarres:
Van der Hoffweg 1

J. HEIDEMA

Vir

FIETSE

en vakkundige

Herstelwerk

Opberging

van fietse gedurende
vakansies

Kerkstraat 48 — Tel. 5319

GROSVENOR

EN

**GOUGH
MOTORS**

GEMAGTIGDE
— FORDHANDELAARS —

ANGLIA — CORTINA —
CORSAIR — ZEPHYR —
ZODIAC — FAIRLANE en
GALAXIE

Asook:

Vespa

en

Lambretta
BROMPONIES

I. GLASER

— JUWELIER —

VERLOOFRINGE:

AFSLAG

vir studente!!

Kerkstraat 187 Tel. 3622

TX MODISTE

(Bentie Edms. Bpk.)

Eksklusiewe Damesalon

Kerkstraat 183 Tel. 4856

Ruikers vir alle
geleenthede

BOUQUET

BLOEMISTE

Johan Dreyer-gebou

Tel. 6575

POTCHEFSTROOM

die WAPAD

DINSdag 13 SEPTEMBER 1966

BREINSPOELING?

Dat die president van die Afrikaanse Studentebond hom in die afgelope tyd uitgewys het as 'n man wat heen en weer oor 'n grensdraad kan spring, wil niemand graag meer betwyfel nie.

Die goedkeuring van die gewraakte Brown-mosie tydens 'n onlangse vergadering van die hoofbestuur in Pretoria en die daaropvolgende vergadering van die studente-unie in Stellenbosch waartydens 'n mosie aanvaar is waarin mnr. S.E.D. Brown skerp aangeval word en „ontmasker” word as 'n „kwaadstoker”, lei 'n mens onwillekeurig tot die gedagte aan 'n bok wat nie weet aan watter kant van die draad die grassies lekkerder is nie. Want mnr. B. Geldenhuys is die voorsitter van die studente-unie.

Maar die president is blykbaar 'n man met baie asems. Volgens 'n besoekende student van die Selwyn College, Cambridge, het die president van die A.S.B. aan hom gesê dat universiteitsopleiding net 'n ander vorm van breinspoeling is, en dat dit belangrik is om die regte dinge te indoktrineer.

Wat die president van die A.S.B. met so 'n uitlating wil laat blyk, weet net hy. Dit bly egter moeilik om te glo dat dit uit die mond van so 'n vername Afrikaanse studente-leier kom. Nogtans is daar geleentheid vir hom om die saak reg te stel, indien sy uitlatings verkeerd geïnterpreteer is.

Is die president bereid om te antwoord?

As gevorderde student in die teologie, behoort hy van beter te weet. Of het hy dan vergeet waarom dit eintlik gaan?

Die P.U. vir C.H.O. sonder gewetenskousule en al, wat die Calvinistiese lewensbeskouing as basis het, verskaf universiteitsopleiding aan Jode, Katolieke en ander. Dat daar in die jare wat die studente aan die P.U. was, sekerlik veel oortuigingswerk gedoen is vir ons eie standpunt is baie waar. Maar hoe dit as 'n „ander vorm van breinspoeling” bestempel kan word, weet nógter alleen.

Ons nooi dié president vriendelik uit om te antwoord.

STUDENTELEIERSKAP

In die uitgawe verskyn 'n berig oor 'n artikel wat handel oor die beplanning van studente-leierskap. Die artikel het verskyn in die jongste uitgawe van Woord en Daad.

Daarin word die belangrikheid van beplanning van studentevorming, en veral leierskap aangedui. Dat hierdie artikel dui op 'n groot gebrek wat lank reeds in studentegeledere bespeur kan word, is wel waar, maar dat dit geen oplossing bied vir die vraagstuk nie, is ook duidelik. Om studente-leierskap te „beplan”, klink baie aanneemlik. Hoe die praktiese uitvoering hiervan sal geskied bly egter ietwat duister. (Gebrek aan visie of moontlik negativisme?)

Groot leiers, en selfs studente-leiers is vandag uiters skaars in die politiek en studentepolitiek. Waar het hulle in die verlede vandaan gekom? Hulle is tog sekerlik nie kunsmatig „beplan” nie?

Die haglike toestand wat daar in studentegeledere heers, sal nie maklik verbeter kan word nie. Die gebrek aan selfstandige begronding en

„verantwoordelike en prinsipieel gefundeerde individualiteit” ten opsigte van sake van die dag, moet nie net op die student se rekening geplaas word nie. Dit kom vandag vry algemeen voor onder akademici. Spesialisasie het die wagwoord geword. Slegs studente wat spesialiseer in „leierskap” sal vandag as studente-leiers kan deurgaan.

Dus beplanning? Intussen gaan soveel leierspotensiaal tog verlore.

Die gebrek aan visie, „wat gedooft word deur verkrampde negativisme”, het deel geword van die huidige student. Dit is deel van sy verwarrende lewenspatroon.

Die student van vandag verkeer in 'n diep slaap. En dit is sy leiers wat hom daarin weggesus het. Was hulle dan tog sulke groot leiers?

Die artikel wys op 'n groot tekortkoming wat vroegetydig aangedurf kan word.

As die genoemde „beplanning” duidelik geformuleer, die oplossing kan bied, het dit lankal tyd geword dat daar werk van gemaak word.

Studente skryf en praat . . .

Die Anglo-Boereoorlog is verby. Alle Engelssprekende studente is nie ons vyande nie. Ons kan en moet vandag op gemeenskaplike studentevlak kommunikeer.

—Hoofartikel, die Perdeby.

About 100 students on the Rhodes campus are potential alcoholics.

Rhodeso

Die Kowsies het die Puk se leeu probeer krap en die verassing van sy lewe gekry.

Die Pukke.

Hoeveel Pukke gaan in die span van die Noordelike Universiteit wees wat volgende maand op Ellispark teen Transvaal speel.

Rugbygeesdriftige

In U Lig

God weet wat Hy wil. Hy sal Sy Raadsplan volvoer. En Hy ken die toekoms asof dit reeds geskiedenis is. Daarom sê hy aangaande die toekomstige dinge: „Vertrou my seuns en die werk van my hande aan My toe!”

Die werk van God se Hande word nie laat vaar nie. Dit gaan nie tot niet nie. Dit is geen sinlose spel om die tyd, waarhêre jare en eeue gevang is, te laat vervloei nie. Die Skepping het sin. Hoewel deur die mens ontwrig, het God hierdie sin weer herstel deur die kruisiging van Christus. In die ganse skepping word God se Raadsplan volvoer.

Maar ook in die kleiner strukture, waaruit die universele struktuur gebou word, vind God se Raadsplan voltooiing. Daarom gebruik God ook sy uitverkorenes om Sy wil te volvoer.

Moet dus geen bestuurskring of samelewingstruktuur te gering ag nie! Beskou daarom ook die bestuursverkiezings op die kampus van groot belang.

Sommiges word genomineer, ander nomineer. Sommiges stem, vir ander word gestem.

Hierdie dinge word gedoen bloot terwille van die status daaraan verbonde, of om die begeerde magsposisie te bekom, of om daarmee in diens van God te staan.

Wat u motief ookal is, onthou die woord van die Here, die Heilige der heilige:

„Vra my aangaande die toekomstige dinge . . .”

- Deur My Lens -

Aan die einde van 'n termyn. . . Met die gedagte is dit seker gepas om die gebeure van die afgelope termyn in oënskou te neem. Om terug te dink aan die groot verskeidenheid gebeurtenisse wat 'n volle jaar se werksaamhede oplewer het

VOORREG

Dit was 'n groot voorreg om in die diens van die studentegemeenskap van die P.U. vir C.H.O. te kon staan. Daarvoor my hartelike dank aan die Studenteraad en die studentemassa.

Die indrukke wat 'n mens gekry het in die tyd wat jy aktief in die studentelewe gestaan het, speel seker in die latere lewe 'n vername rol in die vorming van 'n geheelbeeld van 'n mens se studenteloopbaan. Die geleentheid wat 'n mens gehad het om nou saam te werk met die room van 'n volk, in die bereiking van 'n gemeenskaplike doel, sal sekerlik 'n rol speel in die waardebeplanning van die Afrikaanse jeugpotensiaal. Dat die indrukke wat 'n mens kry wanneer daar onder moeilike omstandighede nogtans diens gelewer moet word, diep spore nalaat, wil 'n mens glo.

Die afgelope termyn was dit my voorreg om met 'n klein persentasie van ons studente baie nou te skakel. Trouens, enige redaksie wat enigsins wil poog om 'n redelike koerant die lig te laat sien, behoort in noue voeling met mekaar te bly. En d.m.v. die koerantwerk, kom jy ook met 'n groot deel van die studentemassa in aanraking.

Uit die twee jaar se werksaamhede op die redaksie van Die Wapad, beskou ek hierdie ervaring wat ek gehad het, as die „noemenswaardigste”. Die indruk wat onteenseglik by my gelaat is, is die van 'n traak-my-nie-agtige houding wat redelik algemeen onder 'n groot persentasie van studente aan die P.U. voorkom. Nie alleen het ek gevind dat die verantwoordelike besef by 'n groot persentasie van ons studente veel te wense oorlaat nie, maar ook gevind dat belangstelling in die studentepolitiek, en ander sake van algemene studentebelang, bykans ontbreek. Of staan almal maar net in die teken van die tyd?

AANTYGINGE

Dit is maklik vir 'n persoon wat aan die einde van sy termyn gekom het, en haas uit die aktiewe studentelewe sal tree om wilde aantyginge te maak en tot grootskaalse beswadding oor te gaan.

Gedagtig aan die groot verantwoordelike wat daar rus op die koerant en die skrywer(s)

daarvan, wil ek vir geen oomblik die saak mooier skilder as wat dit werklik is nie. Dit bly die voorreg van die koerant om nogtans die waarheid voorop te stel.

Die onkunde wat daar heers onder so baie studente oor sake van landsbelang laat 'n mens soms koud.

Voorbeelde om dit te illustreer is daar meer as genoeg van.

Uit opnames wat Wapad dikwels in die afgelope termyn gedoen het, het dit duidelik geblyk dat 'n groot meerderheid van die studente wat genader is nie weet waarvoor 'n welbekende studente-organisasie soos Nusas staan nie.

In nouer kring was dit veral onrusbarend om te sien hoe sovele studente aan wie verantwoordelike opdragte gegee is, nie die vermoë gehad het om die gewigtigheid van die saak in te sien en dien ooreenkomstig op te tree nie.

VERSKONING

Die verskoning — ook reeds so oud soos die studentelewe self — dat die student se akademiese verpligtinge voorrang moet geniet, is vele kere as rede aangebied vir 'n lid se bedanking uit 'n komitee. Vir geen oomblik mag die belangrikheid van die akademiese betwyfel word nie. Die plaaslike bioskoop en ander vermaaklikhede, of die ywerige beoefening van sport, weeg egter ewe sterk teen die akademie op.

Of sal die gesonde balans andersins versteur word?

'n Ewe onrusbarende verskynsel wat 'n mens in die studentelewe van die P.U. aantref, is dat sovele studente op drie tot vier komitees van die Studenteraad dien en nogtans nie by een van die werksgroepies hulle volle gewig ingooi nie. As gevolg hiervan moet die voorsitter van so 'n komitee, wat alleen verantwoordig verskuldig is, meer as net sy deel doen.

Om egter op die wyse voort te gaan, sou dui op 'n onaangename en teleurstellende termyn van werksaamhede. Gelukkig was daar ook die ligpunte. Daardie enkelinge (en hulle is yl gesaai) wie se ja altyd ja was, en hulle nee altyd nee. Persone waarop 'n mens kon staat maak. Jongmense met durf en deurstellingsvermoë. Daardie groepie wat die trots van die Afrikanerskap nog warm in die hart voel en altyd die stryd sal stry, nooit sal gaan lê nie.

Dit alleen maak die hardste werk so sinvol. Want hulle sal leiers van die toekoms wees. En ek het die voorreg gehad om aan hulle sy te staan . . .

HOOFREDAKTEUR

ONS REUR



'n Volk is in rou gedompel. Aan die P.U. vir C.H.O. hang al die koshuise se vlae en die Republiekvlag halfstok.

GEBREK AAN VISIE BY STUDENTE

Daar bestaan 'n gebrek aan selfstandige en deeglike begronding deur ons studente in die verskillende aktualiteite van ons tyd. Tot die gevolgtrekking kom WOORD en DAAD, mondstuk van die Afrikaanse Calvinistiese beweging in sy jongste uitgawe.

Die universiteitsowerheid, die A.S.B. en die individuele studenteleiers sal saam moet beplan om die peil van studenteleierskap, die gehalte van die studentevorming, die inhoud van die studentepolitiek en die graad van studentevolwassenheid te verhoog, lui die artikel.

Die artikel wys veral op vele aspekte van die afgelope, A.S.B.

Tweede koerant vir Maties

'n Nuwe studentebled het verlede maand op die kampus van die Universiteit Stellenbosch verskyn.

Die blad verskyn op die Vrydae wat daar geen Matie, die amptelike studentekoerant van die universiteit, verskyn nie.

Die koerant het op 19 Augustus vir die eerste maal verskyn. Dit staan bekend as Studenteforum, en word uitgegee deur 'n groep studente wat gevoel het dat daar aan die universiteit 'n behoefte bestaan vir 'n onafhanklike universiteitsblad.

PLIG VERSUIM

Hoewel die blad nie die plek van Die Matie wil inneem nie, sal dit geregverdigde kritiek lewer en nie skroom om foute in die studentelewe bloot te lê nie, het 'n redaksielid aan Die Wapad geskryf. Dit is die mening van Studenteforum dat Die Matie in die verband sy plig versuim het.

Die blad word gesteun deur dosente van die universiteit sowel as donateurs daarbuite. Daar word gehoop dat die drukkoste in die toekoms deur advertensies gedra sal word.

Die eerste uitgawe is op glanspapier gedruk.

Pukke hou groot jolyt by dam

„Kom ontspan saam met ons op die oevers van die Potch-dam”, lui 'n vriendelike uitnodiging van die Ontspanningskomitee aan alle studente van die P.U.

Die voorsitter van die komitee, mnr. Schalk van der Walt, het in 'n onderhoud gesê dat die jaarlikse lentefees op 1 Oktober by die Potch-dam gevier sal word.

Tydens die verrigtinge wat van 12 uur tot 7.30 nm. sal duur, word twee etes verskaf.

kongres wat diep teleur gestel het.

TELEURSTELLEND

„Dit bly egter 'n feit dat ons studente en die A.S.B. by 'alle' versagtende omstandighede' op meer as een terrein so teleurstellend middelmatig is dat daar al 'n groot skare mense is wat op die rand van wanhoop verkeer oor die „volk van more.”

Die skrywer wys ook op die volgende tendense wat in die georganiseerde studentelewe opgemerk word:

Die gebrek aan verantwoordelike en prinsipiële gefundeerde individualiteit ten opsigte van sake van die dag. Die massagies oorspoel ons studente sodanig dat daar weinig belangstelling bestaan vir die dinge wat bo die sintuiglike wêreld uitgaan.

Ons studentegemeenskap word 'n spelende klaslopende „blokkende” menigte sonder die spits van beloftevolle eierskap. Die intellektuele en geestelike geslyptheid vir die lewensbeskouwlike vraagstukke is ontstellend afgestomp.

Die gebrek aan visie, wat of gedoof word deur verkrampte negatiewisme en tradisionalisme of vervang word deur 'n oppervlakkige progressiwisme.

WOORD en DAAD word uitgegee onder hoofredakteurskap van prof. W. J. Snyman.

Why don't S.A. students think?

Meegaande artikel het op 4 September in die „Sunday Times” verskyn. Ons plaas dit onveranderd en nooi studente uit om te antwoord op die aantyginge van die skrywer.

WHY are South African students so narrow-minded? Anywhere else in the world a university education is supposed to broaden the mind, but the universities I have visited in the Republic seem to me to be doing just the opposite.

There is a disturbing absence of free inquiry in academic matters and a fear of exploration at a personal and social level. Students seem too willing to be told what to do — and curiously unprepared to find things out for themselves.

On arriving in South Africa, I was surprised by the resemblance between teenage life and attitudes in Europe and student life here, until I discovered that most students here are teenagers.

In England it is unusual to go to university before the age of 19 or 20 and pupils who leave school before that age get a job or travel overseas, to acquire the maturity and independence that an academic life demands.

University education is a hard-won privilege. There are five applicants for every place at Cambridge, so that, once accepted, students prepare themselves to make the most of it.

In South Africa, however, it appears easy for a matriculant to get to a university — provided he is White — and unsuitable students

ROBERT LACEY of Selwyn College, Cambridge, gives his impressions of S.A. University students.

are eliminated over the years instead of being excluded from the start by stringent entrance tests.

WASTES MONEY

The result is a large drop-out rate that wastes parental money and teaching energy, and elimination exams, which come to assume a disproportionate significance so that the students seem obsessed with syllabus work and feel they cannot afford time for research not directly connected with their defined field of study.

Living under the shadow of possible failure, passing an exam becomes more important than being educated; learning facts in a library, more vital than broadening the outlook, with the hours of discussion and varied human contacts that are the essence of university education.

It is difficult to get into Cam-



Mr. Boy Geldenhuys, huidige president van die A. S. B.

bridge, but once we are there we are safely there and we can treat exam scribbling with the contempt it deserves.

The overcrowded syllabus imposed upon students here intensifies the pressures to learn rather than think and the multiplicity of subjects reminds me of a high school curriculum. As students rush across the campus to French, then English, then History, I have the impression of being back at school again — an impression confirmed when I went to a philosophy lecture and found the lecturer dictating notes to the class who actually wrote them down.

A lecturer who tried that in Cambridge would be lucky if his students just walked out. But then, when we talk of students in England we do not mean blazer-clad, attache-case-carrying commuters who park their daddys' cars on the campuses of South Africa.

REGIMENTATION

English teachers are convinced that it stultifies free intellectual development for university students to live at home. Schoolmasters encourage their pupils to apply to universities away from their home town, so I was astonished to find that many South African students live with their parents or else in halls of residence, governed by Victorian regimentation.

I know of no Cambridge student who lives at home and the halls of residence are open to visitors of both sexes until midnight.

Students learn to respect their freedom and are certainly no more immoral, and definitely less hypocritical, than South African students. Here the golden rule seems to be “Thou shalt not be found out” and students are more concerned with “what other people might say”, than with creating meaningful human relationships.

Young people cannot show themselves trustworthy until they are trusted.

STIFLES THOUGHT

The peculiar paternalism of South African society — from halls of residence rules to pop music censorship — seems designed to stifle independent thought.

Yet the students themselves seem scared to think. A leading figure in student politics told me that university education is “just another form of brain-washing” and that “it is important to indoctrinate the right things.”

As a theology student, he felt Christianity should be taught in that fashion and, though he found the doctrines of communism repulsive, he would resort to the same methods of propagating what he believed.

Surely these views are directly opposed to the true spirit of academic inquiry, which is to follow the truth wherever it might lead. Yet they were expressed by a student elected by thousands of others to represent them — the president of the Afrikaanse Studentebond.

English speaking students suffer from a more subtle form of blindness in their mental outlook. Their thoughts, debate and politics, are all obsessed with the racial situation in South Africa and the obsession blots out many other valid fields of inquiry.

One student told me that he considered discussions of artistic and literary matters were a “luxury” and incidental to “the only real problem” — apartheid.

His fault is a grave one, yet the error lies not in his single-mindedness, but in the society whose sickness has forced him to think this way.

I suspect that, in a South African context, his reaction may well be the correct one, for, despite their faults, the universities remain one sector of the population still determined to question the assumptions upon which this society is based and, had the universities of pre-war Germany been half so determined, the course of history might well have been different.

LACK OF CONTACT

The most tragic difference that has struck me, between South African and European campuses, is the absence here of the stimulating atmosphere that contact between students of varied races can create.

Young men of all colours and creed are welcomed to Cambridge colleges and we are all the richer for it, acquiring a deeper understanding of other races and cultures and a fresh view of our own background and identity.

South African campuses seem parochial by comparison, for not only are students of different colours kept apart but there is also segregation between the two White racial groups.

Doubtless segregation removes certain problems of adjustment but these problems are the stuff of life and separation denies a whole range of experience to young and inexperienced minds, representing one more serious barrier to free thought.

Free thought is the essence of academic education and, without it, a university loses all claim to that title. I have found so few students prepared to think freely and so many obstacles in the path of those who are not afraid to think, that I wonder how long South African universities will be able to justify their name.

SPREEK STUDENTE TOE



Prof. G. Fohrer van die Vrije Universiteit van Amsterdam het onlangs voor die studente van die P.U. opgetree. Hier staan hy in geselskap van verskeie ander professore. Hulle is van links na regs: proff. J. H. Kroeze, G. Fohrer, S. du Toit en J. S. van der Merwe.

Foto: Fotokuns

MAAK ONS UNIVERSITEITE BOTTELBABAS GROOT?

Onder hierdie opskrif skryf Dirk Richard, hoofredakteur van die Dagbreek en Sondagnuus in sy rubriek „Na My Mening” in 'n onlangse uitgawe van die koerant dat die pers en politici te veel aandag gee aan gebeure op die universiteitskampusse.

Meegaande artikel is net so uit die rubriek oorgeneem.

IN seker geen tydperk in ons geskiedenis word van studente-politiek en campus-bedrywighede soveel notisie geneem soos vandag nie. Die pers en politici heg te veel rugbaarheid aan protestbetogings, monstervergaderings en V.S.R.-besluite.

In die eerste plek verleen dit 'n oordrewe waarde aan die campus-gebeure en tweedens, die studentelewe word so diep ingetrek en ingeskakel by die buitelandse politiek en buitelandse dat 'n belangrike universiteits funksie daarmee verlore gaan — die selfsoek van jong mense, die debat en uitpraat van probleme op hulle eie manier. Nie alles van bo en van buite ingegee nie.

'n Akademiese distansie moet tussen campus en die „verwarrende” grootmens-wêreld bewaar word. Elke Afrikaanse student, hoe Nasionaalgesind ook al, moet hom tog nie al klaar as 'n junior partyamptenaar beskou wat die professionele seniors alles na die mond praat nie.

BOTTELBABAS

As oud-tienderjariges en jong twintigers die antwoord op elke probleem wat hulle kwel, of dit nou 'n gewigtige landsvraagstuk of bloot 'n Debbie-onsekerheid is, soos 'n opgemaakte pakkie kant en klaar van buite ontvang dan word hulle nie geestelik toegerus vir 'n latere, selfstandige lewe nie. Probleme is selde dieselfde, maar die basiese vereiste vir hulle oplossing, wel — naamlik die van selfdink en selfondersoek. 'n Universiteits bottelbaba sal nooit later self harde bene kan kou nie.

Omdat die soeklig gedurig op die campus bly, en studente-aktiwiteite so oorgeskat word, word enige afwyking aangegryp as 'n „bedreiging” van die volkseie, 'n euwel of 'n neerslag van indoktrinering. Dit kan nou links van die middel wees (soos Stellenbosch se uitnodiging aan mnr. Kennedy) of regs daarvan soos die A.S.B.-mosie oor mnr. Brown; die Tukkie-invalle van V.P.-vergaderings), maar 'n koerantbohaai slaan op en politici of predikante skrik vir die verderflike invloede op die Afrikaanse universiteitsjeug.

Was dit nodig om die A.S.B. na sy oorspronklike skeef strap en latere herwaarderings, joernalisties so te karnuffel?

IN DIE PAS

Omdat die Afrikaanse gemeenskap al meer van sy Afrikaanse universiteite verwag om 'n jonger maar presiese weergawe van sy eie denke en grootmens-uitkyk te wees, word vir enige blyke van „andersheid” gefrons en word dit selfs as 'n refleksie teen die goeie naam van die universiteit gehou. Dus streng in die pas.

Ek pleit natuurlik nie vir daardie liberale vrygewigheid wat so eie is aan baie oorsese en sommige plaaslike Engelstalige universiteite nie. Hulle het so „ruim” en „breed” van uitkyk geword, dat alles wat tradi-

sioneel behoudend en van die volkseie is as uitgediende „square” — praatjies beskou word.

Elke mens behoort iewers, aan iets wat hom vastigheid gee. Die Afrikaanse student behoort aan die Afrikaanse samelewing, wat in sy besonderse bestaanstryd in Afrika, binne 'n definitiewe konserwatiewe raamwerk moet beweeg. Dit beskou ons nie as konformasie nie, maar wanneer binne hierdie omlynde grense geen of min gedagte-wywing en selfondersoek plaasvind nie, is dit wel blyke van 'n onvrugbare konformisme. Ons Afrikaanse studentekongresse toon al minder blyke van selfdink.

EIE BYDRAE

Skygbaar het die kongresgangers presies dieselfde probleem en kwellinge as die oueres; hulle voel presies dieselfde en hulle sou die vraagstukke net so hanteer. Die studente dink al klaar oud. Hulle toon nie 'n bewustheid van 'n ander toekomst, van hulle aandeel in die nuwe ontwikkelinge in hierdie subkontinent, van 'n eie positiewe bydrae om die Afrikaanse gedagte verder uit te dra nie.

Hulle weet wel dat die Christelike Instituut volksvreemd is; maar hulle weet nie hoekom nie,

want hulle het dit nog self nie onder mekaar uitgepraat en uitgedebatteer nie; die Afrikaner en die A.F.S.; Sondagsport, die Observer en „liberale” Afrikaners; blanke verhoudinge; doen die Regering te veel of te min vir die Bantoe; sy beleid vir die stedelike swartman . . . almal vraagstukke waarmee studente vorentoe in 'n ander vorm en in ander omstandighede te doen sal kry. Dan kan hulle nie terugval op die ou notas van gister se leiers nie. Hulle is mos nou self die leiers!

SOEKEND

'n Jong mens is soekend, twyfelend. Doen die universiteits owerhede genoeg om hierdie soeklus binne die Afrikaanse verband te stimuleer, besprekings en debatte oor aktuele probleme aan te moedig? Ek twyfel. Is hulle self bang dat die sotte of vreemde dinge wat sommige studente op sulke byeenkomste kan sê — net om tipies student, „ander” of „rebels” te wees — na die buitewêreld uitgedra sal word as voorbeeld van linkse afwykings? Is die studente self bang daarvoor?

Toe vandag se Nasionale ouers studente was, het hulle soms die vreeslikste dinge teen die owerheid of die N.P. gesê, of die mees „volksvreemde” mosies voorgestel. Maar toe was dit nie nuus nie. Net natuurlike studentestoomafblasery . . . en noodsaaklike gedagte-wisseling.

MAATSKAPLIKE SORG STIG EIE VERENIGING

Ten einde 'n professionele houding by studente te skep ten opsigte van die vak, het studente in Maatskaplike Sorg hulle eie vereniging aan die P.U. gestig. Mej. E. Drent, is die voorsitter van die vereniging.

Sy het gesê die doelstelling van die vereniging is om lede aan te spoor om diens aan hulle naaste te bewys soos gesien uit die besondere oogpunt van die Christelike Universiteit, en om ten opsigte van maatskaplike werk en die gepaardgaande vraagstukke 'n objektiewe benaderingswyse by studente in die rigting aan te kweek.

UITSTAPPIES

Die vereniging beoog om deur gesellige funksies, uitstappies en studietoere die lede saam te snoer en 'n sterk spangees te ontwikkel.

Die vereniging sal ook byeenkomste hou waar maatskaplike

vraagstukke en probleme in verband met maatskaplike werk bespreek sal word.

Mej. Drent het gedurende die afgelope Julievakansie deur Europa gereis. Sy het verlede week aan die vereniging sekere aspekte oor maatskaplike werk in Holland belig.

APTEKERS GEE EIE BLAD UIT

Die Suid-Afrikaanse Aptekersfederasie gee vanjaar vir die eerste maal sy eie blad uit. Die tydskrif, wat die naam S.A.A.F.-Nuusbuletin sal dra, se eerste uitgawe verskyn in Oktober vanjaar. Dit is deur mnr. Theo Voster van die P.U., hoofredakteur van die blad in 'n onderhoud bekend gemaak.

Die blad sal tweetalig wees. Dit sal nuus van sewe sentrums vir aptekerstudie dek. Uitgawes sal ook gestuur word aan ander lede van die Internasionale Aptekersfederasie.

Geeskommissie doen verslag

Verskeie oordrag-aanbevelings oor die ondersoek in verband met die studentegees aan die P.U. wat deur 'n spesiale kommissie behartig is, word aan die Studenteraad gedoen. Dit blyk uit 'n verslag van die kommissie.

KONGRES

Die moontlikheid van 'n jaarlikse studentekongres aan die Universiteit, waartydens leiers uit alle fasette van die studentelewe byeenkom om sake van algemene studentebelang te bespreek, word in die verslag beklemtoon.


So 'n jaarlikse samespreking sal 'n stimulerende uitwerking op alle terreine van die georganiseerde studentelewe hê. By die geleentheid kry leiers van sowel sportliggame as kultuur- en akademiese verenigings dan die geleentheid om die probleme wat in eie kring mag opduik, onder die soeklig te plaas.

Tydens dieselfde kongres kan voormalige studenteleiers gevra word om op te tree.

Die moeilik definieerbare begrip van studentegees, kan in sy geheel raakgevat word en veel beter gekontroleer word.

Weens 'n gebrek aan tyd het die kommissie nie die vraelyste, wat by die verslag ingevoeg is, onder studente gesirkuleer nie.

Die verkiesing van 'n verdere kommissie van ondersoek vir die nuwe termyn, word aanbeveel.



Nagraadse studente van die Departement Fisiologie aan die P.U. is tans besig met baanbrekerswerk. Die oorsake van koronêre hartsiektes word nagevors. Eksperimente wat tans uitgevoer word, ondersoek die veranderinge van sekere hormoonafskiedings wat gepaard gaan met die veranderinge van bepaalde vetbestanddele in die liggaam. Cholesterol is 'n voorbeeld hiervan, en die uitwerking daarvan word gevolg deur aan konyne 'n abnormale dieet met 'n hoë vetinhoud te voer.

Op die foto bo is mnr. L. Snyman nagraadse student in die Fisiologie, besig om hormone te skei deur middel van kolom chromatografie.

Volgens mnr. Snyman word die projek finansieel gesteun deur die Mielieraad en Langeberg Ko-operasie.

Foto: Fotokuns

WINSKOPIE

Stel 'n belang in 'n winskopie?

HET U 'N TIKMASJEN NODIG?

'n Tweedehandse tikmasjien in goeie toestand?

Kontak:

Mnr. J. Matthew,
Departement
Dierkunde,
P.U. vir C.H.O.

Christendom is maar een van baie sisteme, meen Natalse wysgeer

„Die Christendom is maar een van baie metafisiese sisteme wat as doel die toevoeging van diepte tot die mens se lewe op aarde het”, het mnr. L. Coetzee, verbode aan die Departement Wysbegeerte van die Natalse Universiteit (Pietermaritzburg) tydens 'n onlangse simposium op die universiteitskampus, gesê.

Volgens 'n berig in Nux, studentekoerant van die universiteit het mnr. Coetzee die uitlating gemaak toe die Amerikaanse tydskrif „Time” se vraag „Is God Dood?” bespreek is.

Hy beweer dat die Christendom ontstaan het in 'n era toe dit maklik was „to populate the heavens”, en vandag is dit maar net 'n nuttelose voorsetting daarvan.

Volgens die berig was Mnr. Coetzee die enigste spreker wat besluit het dat God dood is, of behoort te wees.

Dr. C. W. Cook van Wits het gesê dat genade, geloof, hoop en liefde tekens is dat God lewe.

Enkele vrae is uit die groot gehoor oor die onderwerp gestel.

DAMES GAAN KONGRES HOU

Tydens die A.S.B.-kongres wat gedurende Juliemaand te Stellenbosch gehou is, is 'n geslaagde dameskonferensie gehou. Prof. Erika Theron het as gasspreker opgetree. Referate is gelewer wat verskillende aspekte van die Vrou en haar plek in die huis en die samelewing bespreek het.

Die nuwe bestuur wat gekies is, is: Mej. J. de Kock (Voorsitter, N.K.P.), Mej. B. du Plessis (P.U. vir C.H.O.), Mej. A. Bierman (U.P.) en Mej. B. Grobler (U.S.).

Damesvertegenwoordigers van die verskillende A.S.B.-sentra is uitgenooi om op 10 September die kongres van die Calvinistiese Vrouebond by G.O.K. by te woon. Dames wat belangstel om die kongres by te woon, kan mej. Wilna le Roux van Piet Groblerhuis kontak. Vervoer word per kombi gestel.

Gathlandia hys hul eie vlag

Onder oorverdwende trommelslag, 'n saluut van twee rewolwerskote en luide toejuiging, is die Republiek Gathlandia se eie vlag op Donderdag 18 Augustus 1966 gehys.

Die dames van Oosterhof en Klaverhof het die geskiedkundige gebeurtenis bygewoon. Die eerstejaarmans het in marskolonne na die vlagparade opgeruk en voor die koshuis stelling ingeneem.

Na die rede deur die seremoniemeester, mnr. Mullie Mulder, is die vlag ontvou.

DOSENTE VERWAARLOOS MODERNE TEGNIEKE Sê SEKRETARIS

Die tegnologie het met talle nuwe onderrigidees voor die dag gekom, maar dit skyn of hulpmiddele soos geprogrammeerde lesings, taallaboratoriums, onderrigmasjiene, rolprente en beeldradio deur dosente geïgnoreer word, het dr. Op't Hof, die sekretaris van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap onlangs gesê, toe hy die opening van die nuwe Wetenskapgebou van die Universiteit van Port Elizabeth waargeneem het.

UITGETRAP

Ondanks die geweldige vooruitgang het die Suid-Afrikaanse universiteite baie min afgewyk van die „uitgetrapte” onderrigpraatjies van lesings van vyftig minute, swartbord-en-kryt-metodes, passiewe afneem van notas

deur studente en lang, geskrewe eksamens.

Hoewel universiteite toegespits is op die soek na kennis, is hulle onwillig om kennis oor hulself te versamel. Enige nywerheid wat so min doen in navorsing en ontwikkeling, sal ineenstort.”

son, voormalige student van die P.U. en tans apteker in Florida het in 'n onderhoud gesê dat hy self die tekort aan gekwalifiseerde mense vind. Dit is vir hom moeilik om van tyd tot tyd iemand te vind wat in sy apteek kan waarneem.

Die stap van die aptekersvereniging sal beslis bydra om die toestand te verbeter, het hy gesê.

Mnr. Theo Vorster, 'n finalejaar aptekerstudent aan die P.U. is ook genader. Hy verwelkom die stap en het gesê dat daar 'n groot aantal studente in die aptekerswese is wat nie hulle studies kan voltooi nie weens 'n gebrek aan finansiële steun. Hy weet van verskeie studente wat dit moeilik vind om kop bo water te hou.

Na verneem word sal gekwalifiseerde aptekers ook baat kan vind by die besluit van die vereniging. Hulle sal in staat gestel word om hoër kwalifikasies te verwerf.

APTEKERS GAAN BAAT BY BESLUIT

Die Aptekersvereniging van Suid-Afrika het besluit om 'n Stigting vir Farmaseutiese opleiding in die lewe te roep. Die doel daarvan is onder meer om belovende voornemende studente voorgraadse studente finansiële te help of fondse te voorsien om hulle studies te voltooi.

Aptekers het gesê dat hulle die stap verwelkom. Mnr. P.C. Simpson, voormalige student van die P.U. en tans apteker in Florida

Prof. C. Brümmer van die Vrije Universiteit van Amsterdam het verlede maand lesings voor studente van die P.U. gelewer. Hy het onder andere die dogmatiek van Bayinck behandel. Hier is hy in geselskap van prof. Fanus du Toit.

Foto: Fotokuns

DR. H. F. VERWOERD EN DIE P.U. VIR C.H.O.

Die nou bande wat die P.U. vir C.H.O. met die ontslape Premier, Dr. H.F. Verwoerd bind, blyk duidelik uit die geskiedenis van die Universiteit.

Die jarelange stryd teen die gewetenskousule het in 1950 sy hoogtepunt bereik toe spesiale wetsontwerp vir die selfstandigwording van die P.U. by die Parlement ingedien is.

As promotor van die wetsontwerp het senator dr. H.F. Verwoerd in die Senaat opgetree. Sowel hy, as dr. J.H. Steyn wat as promotor in die Volksraad opgetree het, het hulle met groot onderskeiding van hulle taak gekwyt.

In die nuwe wet verskyn die ou gewetenskousule nie, en is die uitdruklike bepaling ingevoeg dat die Raad van die universiteit moet toesien dat die histories-Christelike karakter van die inrigting gehandhaaf word, maar dat geen kerklike toets by die benoeming van personeel toegepas sal word nie.

Dr. Verwoerd het self van die P.U. gesê: „Hy wil nie met slim huishoudelike reëlings sy karakter handhaaf nie. Hy wil aan die wêreld verkondig: dit is my karakter en so handhaaf ek hom.”

Prof. C. Brümmer van die Vrije Universiteit van Amsterdam het verlede maand lesings voor studente van die P.U. gelewer. Hy het onder andere die dogmatiek van Bayinck behandel. Hier is hy in geselskap van prof. Fanus du Toit.

Foto: Fotokuns

Puk het verdien om P.O.K. te trap — Pote-kaptein

„Een of ander tyd son Puk ons tog gewen het. Hierdie oorwinning het hulle verdien,” het Sakkie van der Merwe, kaptein van die eerste rugbyspan van die Potchefstroomse Onderwyskollege in 'n onderhoud aan ons verslaggewer gesê.

Die onderhoud is gevoer na afloop van die verrassende Puk-Pote wedstryd wat met 'n telling van 22-16 in die guns van Puk geëindig het.

NIE VERWAG

„Maar ek moet eerlik erken dat ek ons neerlaag nie so gou verwag het nie”, het mnr. Van der Merwe gesê.

„Die wedstryd was hard, maar dit was lekker student rugby. Daar was geen sprake van vuilspelry nie. Ons manne is dit almal eens dat die Puk die oorwinning verdien het. Ek reken ook dat die wedstryd die gees tussen Puk en Pote verbeter het — hoewel die verhouding tussen ons eerstepan en ons massa nie daarby gebaat het nie,” het hy gesê.

Mnr. van der Merwe het ook gesê dat hy die geleentheid gehad het om die Pukke se kaptein, Willem Scott, goed te leer ken.

L.U.K. praat by Staatsleerdinee

„Ek glo vas in die verstandigheid van die Provinsiale stelsel, al het dit in die afgelope jare onder skoot gekom”, het mnr. D.S. van der Merwe Brink L.U.K. tydens 'n dinee van die Departement Staatsleer van die P.U. gesê.

PROBLEME

Mnr. Brink het die magte van die Provinsiale Raad kortliks geskets en die probleme in verband met die stelsel aangetoon. Hy het gesê dat die probleme nie inherent aan die stelsel is nie, maar deur die tyd ontstaan het. Moderne omstandighede vereis desentralisasie van regering. Dit mag wenslik wees dat daar verandering moet kom in die drie vlakke van regering, het mnr. Brink gesê.

Hulle het sommer baie lekker oor die weg gekom.

VOORSPELERS

„Julle oorwinning het julle te danke aan julle voorspelers,” het hy gesê.

Die kaptein van die Potespan het die Puk sterkte toegewens in die hoop uitgespreek dat die Pukke vanjaar die Blaine-trofee huis toe mag neem.

● „Maar onthou: volgende jaar wen ons weer”, het hy gesê.

Akademici is vir Bantoes noodsaaklik

„Die Bantoe-universiteite het nog steeds hulp van blanke akademici nodig. Die nie-blanke moet eers kans kry om die fynere nuances van tradisie en volksgevoel by sy universiteit in te sien. Ons moet nie probeer om beter Bantoe as die Bantoe self te wees nie.”

Dit is die mening wat Prof. E. F. Potgieter, rektor van die Universiteitskollege van die Noorde in 'n artikel in 'n Sondagkoerant uitspreek.

DIENS

Prof. Potgieter sê dat die universiteit deur dosent en student 'n nou verbode faktor is op die pad van volke en nasies.

Die universiteit is nie 'n luukse geïsoleerde instelling nie. Die universiteit moet diens lewer in die gemeenskap waarin dit staan.

Die universiteit het 'n belangrike taak in die ontwikkeling van vreedsame naasbestaan.

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . .”
„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . .”

Besoek

INGRAM SE DRANKWINKEL

Allerlei

● WYNsoORTE, BIER EN STERKDRANK
● DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP
in bottels en blikkies

ONS VERKOOP ALLE soORTE KOELDRANKE

Tel. Nrs. 12 en 2582

Kerkstraat 122

Posbus 171

Verlief Verloof Verlore?



Mensig! So 'n Intervarsity darem! Toe ek in die vorige uitgawe daardie treffende boodskap van Frans lees, kon ek darem nie anders as my geloof in die Eerstes terug te kry nie.

Ja, ons het toe gegaan „om te roof en te plunder”, maar heeltemaal op 'n ander terrein as wat die koerante ons so graag van beskuldig het. Die Puk was soos 'n kruikvat; die Kovsies kon net nie kers vashou by ons nie! Ons manne het die kat se hare laat waai... 'n ware katastrofe! Op die pawiljoen? Daar het die arme Vrystaters nie 'n kat se kans gehad teen die begeesterde Pukke nie.

Net voor Intervarsity het ek hom een nag gesien: Soos 'n kat (of is dit 'n dief?) in die nag het hy oor ons kampus gesluip met plastieksakkies verf onder sy arm. Hy het die Puk se Gees gesoek om hom so 'n bietjie kleur te gee. Maar die vent was deur die Puk se leeu gepla: hy sien oom Ferdinand Postma se beeld op die biblioteekmuur vir die Gees aan... en dit het die werkers mooi drie dae en drie nagte geneem om die beeld weer skoon te kry nadat hy so kleurvol in die gesig gevat

is. 'n Lieflike skade, glo vir my!
SKINDER

Maar kom ons dames skinder gou eers bietjie van die mans. Het julle al daaraan gedink dat mans net soos stoele is? Hulle lyk nou wel nie eenders nie, maar op albei kan gesit word!

Party is soos blink gepoleerde stoele: na 'n tydjie, as die nuwigheid verby is, verloor hulle hul glans. Ander is soos gemakstoele, vriendelik en aanloklik sodat meisies hulle nie kan weerstaan nie. En daardie regop stoele in die stasie se wagkamer; hulle maak 'n lang wag nog langer. Daar is ook mans wat soos 'n troon is: jy moet opklom na hom toe. Van die kinderstoel-soort hou net babatjies. Die tandarts stoele gee jou 'n pyn. Jy kry ook die soort mans wat soos stoele met wietjies is... hulle moet altyd aangestoot word. Ander is soos dekstoele wat jy moet rondsloop waar jy hom wil hê. Niemand wil die voorste stoele in die fiek hê nie... Daardie rystoel-soort! Ai, hy maak jou skoon aan die slaap.

Maar ek is oortuig daarvan dat ons dames oor een ding eens is: dit sou darem maar bitter onge-

rieflik gewees het as daar geen stoele was nie!

SKRAAL

Maar laat ek gou my briewe deurkyk of daar hierdie week weer enige verliefdes, verloofdes en verlore was. My pos is maar skraal...

Mens kan deesdae net nie meer studeer in die biblioteek nie. Daardie nuwe ring van Jana Hoogen-dyk blits gans te veel as sy met koorsige blink oë die kaartjies sorteer. Dis natuurlik weer 'n man se skuld. Ek wonder watter stoel-soort sou Chris van Rijssen wees?

'n Bok is 'n ding wat spring, wat spring... en as hy nou nie 'n hekkie het nie, spring hy hand om die lyf met 'n meisie in die Totiusaal tydens sing-songs. Ek praat nou van Willie Coetzee en... wie nou weer?

Volgens die kosnuiverteenvoorders is dit maar 'n skraal seisoen wat die kyse betref. As hierdie toestand net soos die droogte bly, sal daar volgende jaar nie meer so 'n hoekie in ons koerant wees nie, want dan dien dit nie meer die doel van verlief, verloof en verlore nie... met verskoning aan die ywerige verteenwoordigers in die koshuise. (Meisies kan maar self hulle name en die nuwe sleep s'n op 'n papiertjie tik en dit in die Wapad se busse by die S.R.-kantoor gooi... en maats kan ook hulle vriendinne se name verklap... wie sal ooit weet?)

Groetnis,
LOELOERAAI

● Wie aspireer om die volgende termyn die plek van Loeloeraai in te neem?



Heimat se korfbalspanne het onlangs die damesspanne van die P.U. op die korfbalbaan 'n ding of twee gewys en die dametjies die „fynere” kunsies van die sportsoort geleer. Hier staan 'n groepie van Heimat se „speelsters” tydens die groot kragmeting.

Foto: Mac v.d. Merwe

PUK SE BRANDWEERWA IS VERWAARLOOS

In Die Wapad van 3 Mei 1963 het die volgende berig verskyn: „Die Potchefstroomse Universiteit het Maandagaand 'n brandweermotor van die stadsraad as geskenk ontvang. Hoewel die ou motor uit die jaar 1932 dateer is dit nog in uitstekende toestand en sal dit heel nuttig deur die universiteit in 'n eie brandweermotor gebruik kan word.”

Daar is onlangs by die tegniese stoor ingeloer en die ou vuurwa is nog daar aangetref. Dit blyk egter dat die motor nie eers meer 'n brandslang het nie en in 'n baie verwaarloosde toestand is, berig ons verslaggewer.

Kan die ou brandweerwa, wat in 1949 gebruik is om die brand in die universiteitsbiblioteek te blus, nie weer aan die museum geskenk word nie? Dit was een van die gedagtes wat geopper

is toe die stadsraad 'n nuwe brandweerwa aangekoop het.

U is Kommuniste

„Dames en Here, u is nie liberaliste nie, maar suiwer kommuniste”, het dr. A. M. Hartog, 'n Nederlandse Wetenskaplike, aan studente van die Kaapstadse Universiteit gesê volgens 'n artikel in die „South African Observer”.



Me. A. Griffioen, oud-hoof dame van die P.U. wat 'n tyd gelede verloof geraak het aan mnr. Francois de Villiers van Fort Hare. Mnr. de Villiers is 'n oud-hoofredakteur van Die Wapad.

Foto: Fotokuns.

OVER DE VOOR TUG EN SPAAR

Ons skooldae is darem nog nie verby nie. Dit het 'n aantal inwoners van Over de Voor tot hul onsteltenis agtergekom, toe hulle onverwags laat roep is en gevra is om hul broek styf te trek om drie van die bestes te ontvang. Die tugting het hulle ontvang weens die verwydering van tafeleredskap uit die eetsaal.

Daar word verneem dat die koshuis se tugkomitee ook optree teen persone wat water vermors deur 'n stort sonder 'n sproeierkop te gebruik.

Braai vleis by Oosterhof

'n Gesellige atmosfeer was kenmerkend van die vleisbraai-aand van Oosterhof op 18 Augustus ter voorbereiding vir die Intervarsity. Die dames het 'n hele opgewondenheid op die kampus ontken toe dit bekend geword het dat enige heer 'n kans staan om geskiet te word vir die geleentheid, berig ons koshuisverteenvoordiger.

Almal het die aand so geniet, dat die vraag onwillekeurig geopper is of weeklikse inter-etes nie die goeie gees tussen P.U.-mans en dames sal bevorder nie. Dit kan moontlik weer 'n goeie uitwerking op die algemene studentegees hê, word gesê.



BLOKTYD IN DIE KOSHUIS . . . ?

PLEK VIR NOG DUISEND STUDENTE IN 1969

'n Groot manskoshuis wat 750 mansstudente sal huisves, en 'n eetlokaal waarin duisend studente kan eet, word tans deur die Universiteitsowerhede vir 1969/70 beplan.

Daar is reeds op 'n tweede agtverdieping dameskoshuis besluit wat 250 dames sal huisves. Die koshuis word vir 1969/70 beplan. Die dames sal in die eetsaal wat tans in aanbou is, eet.

Die bestaande koshuise bied huisvesting aan vier honderd mans en 570 dames. Wanneer die twee nuwe koshuise voltooi is sal die Universiteit akkomodasie bied aan 'n addisionele duisend inwoners.

Koshuis kry eie mini-golfbaan

Dawie du Plessishuis gaan die eerste koshuis van die P.U. word wat sal kan spog met sy eie golfbaan, berig 'n verteenwoordiger uit die manskoshuis.

Die mans is reeds druk besig met die beplanning en oprigting van 'n eie miniatuur golfbaan naby die terrein van die koshuis.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL”

Kerkstraat 91-95

Telefoon 5236/4944

H/v. Tom en Borchardstraat

Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

Mans- en Sportuitrusters



U KOOP GRAAG

VEKA

daarom koop u by ons, die **ENIGSTE** VEKA-uitrusters in die dorp

INSLEEP!

WAARHEEN ALMAL SLEEP.

Koshuisbestellings Tel. 5039.

Aan die Sportfront

deur SPREILIG

Hoeveel studente aan ons Universiteit dra kennis van muurbal?

Nadat daar met verskeie studente oor die sportsoort en die moontlike beoefening daarvan aan die P.U., gesels is, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat daar weinig studente is wat met die sportsoort bekend is.

Muurbal is 'n sportsoort wat aan die meeste ander Suid-Afrikaanse universiteite met groot geesdrif beoefen word. Die spel het sy oorsprong te danke aan die Japanners wat nog steeds die meesters op die gebied van muurbal is.

Die Japanners het die sportsoort ontwikkel met die doel om ratsheid en fiksheid wat essensieel is vir die beoefening van die ander Japannese sportsoorte, by die beoefenaars te kweek.

Diegene onder ons wat die spel wel ken, kan getuig van die mate van konsentrasie, spierbeheer en balans wat die beoefening van die sportsoort verg, en die gevolglike fiksheid waartoe dit lei.

Seker een van die groot verdienstes van muurbal — en die voordeel bo baie van ons ander sportsoorte — is die feit dat twee opponente mekaar binne die bestek van 'n halfuur so kan „toetel”, dat hulle mekaar uit die muurbalkamer moet help; dus 'n vinnige en doeltreffende oefenmetode.

Selfs rugbyspelers, tennisspelers, hokkiespelers, krieketspelers en netbalspelers kan met behulp van die sportsoort gedurig fiks bly.

MUURBALKLUB

Is daar nie dalk mense wat wil saamspan om 'n muurbalklub aan die P.U. te stig nie? Die oprigting van muurbalbane sal die owerheid nie vreeslik baie uit die sak jaag nie. Buitendien kan die profities, deur die beoefening van

muurbal weer hulle bors so bietjie laat uitkom.

Belangstellendes kan gerus maar skryf aan: Mnr. J. Dekker, p/a. Die Wapad.

Tennissterre is min in A-liga

Afgesien van die hoë gehalte tennis wat vanjaar deur die P.U. se tennisklub gespeel is, het die verantwoordelike persone slegs drie pare vir die A-liga ingeskryf en geen spelers vir die B-liga nie.

Met soveel moontlikhede in 'n klub behoort aan die spelers meer geleenthede gebied te word om hulle potensiaal ten volle te laat ontluik.

Die klubkampioenskappe het getoon dat die P.U.-tennisspan oor enkele jare verder, in 'n reuse krag kan ontwikkel — mits hulle die regte afrigting ontvang en met die regte bestuur die moontlike geleenthede ten volle te benut.

Jong spelers soos Christo van der Walt, Althia van Loggerenberg, Stella Venter en Ria Smit en Susan Aucamp gaan beslis nog van hulle laat hoor.

SKERMKLUB KAN SPOG MET PUIK AFRIGTER

Presies hoeveel 'n afrigter vir enige sportklub werd kan wees, is weer eens gedurende die afgelope maand bewys toe die P.U.-skermklub teen ander klubs te staan gekom het.

Mnr. Eric Wilson van Stilfontein wat vanaf Mei maand vanjaar elke Donderdagaand opgeoffer het om aan die Puk se skermers te skaaf en te arbeid, het in 'n mate die vrugte op sy arbeid gepluk toe die Pukke verlede Saterdag daarin kon slaag om 'n gekombineerde eerste- en tweede span van Wits tot 'n ge-

SKARE MOEDIG PUK AAN TOT PRAGOORWINNING

Kovsie-kat getem

„DAT die Pukke die Intervarsity gaan wen, staan soos 'n rugbypaal bo 'n grasveld uit.” Die profetiese woorde van mnr. Hans van Zyl het waar geword toe die Pukke op Saterdag, 20 Augustus, die Kovsies met 8-3 gewen het.

Voor seweduisend rasende toeskouers is die Pukke se punte aangeteken deur Ibbert Joubert ('n drie) en Dries du Plooy ('n vervyfskop en 'n skepdeel). Die Kovsies se punte is deur Louis Smit aangeteken.

Die Pukke se oorwinning is te danke aan hulle taktiese spel. Die voorspelers het die dorsmasjienwerk gedoen met Deon Malan, Dave Tromp, Coert van der Merwe en Leon de Bruin aan die spits. Die twee steunpilare was Roelf du Plessis en Oubaas van der Merwe.

WILLEM

Agsteman Willem Scott was die generaal van sy span wat geroof en geplunder het onder die teenstanders.

Skrumskakel Jannie Schutte het puiwerk gelewer deur sy beplande en noukeurige lynskoppe. Die samewerking tussen hom en Koppies le Roux op losskakel,

was soos die verstandhouding van veterane. Koppies het met sy vinnige wegstuur van die agterlyn en oordeelkundige skoppe bewys dat hy ongetwyfeld die beste losskakel op die Puk is.

KOOS

Die sonderlinge kombinasie tussen Dries en Koos du Plooy het die teenstanders somtyds dronk gehad. Koos du Plooy het gespeel

soos hy behoort te speel. Dié speler gaan nog groot rugby speel.

Ibbert Joubert se verbysterende kraglopiet het op 'n pragdrie geëindig — nadat Koos du Plooy die drie as't ware geskep het. Die hele span kon altyd met sekerheid op Bertie Fourie steun as heelagter.

Carel Kirstein en Fires van Vuuren verdien ook vermelding.

Die Pukspan het hom openbaar as 'n kragtige, begeesterde masjien wat genadeloos voortgerol het — met die Pukmassa as stukrag.



So lyk die P.U. se landlopers wat vanjaar die Wes-Transvaalse span gehaal het. Lees berig hiernaas.

Foto: Fotokuns.

LANDLOPERS KLOP KOVSIES MAKLIK

Die Puk landloopspan het hulle Kovsiesteenstanders sonder moeite gewen met 'n telling van 19-55 tydens die onlangse Intervarsity. George Müldner en Dewald Steyn het saam eerste oor die wenlyn gedraf.

Na 'n jaar van landloophoogtepunte het Dewald Steyn en Leendert Snyman die eerste Pukke geword wat Wes-Transvaalkleure vir landloop gekry het.

Vanjaar het die Pukspan vir die tweede keer geslaag om die Wes-Transvaalse landlooptiga te buite. Die hoogtepunte van die landloopseisoen was twee padafloswedlope waarin die Pukspan besonder goed gevaar het.

Pukke wat vanjaar vir Wes-Transvaal gehardloop het is: D. Steyn, G. Müldner, L. Snyman, F. Heysteck en R. Brits almal seniors. Die juniors is: J. Jooste, P. Bredenkamp en P. van der Merwe.

Maties wil nie deelneem nie

„Die Maties sien nie hulle weg oop om aan die studenteuitkloprugbyreeks deel te neem nie — as gevolg van akademiese botsings,” so het 'n verklaring van die Stellenboschse rugbyklub vanjaar gelui.

Luidens die dagbladpers het die Maties toe tog besluit om hulle wedstryd met Ikeys af te handel — onder sprelligte. Juis dit wat ook 'n beswaar was om nie aan die studenteuitklopreeks deel te neem nie.

Vertoonkas in kafeteria kry verskeie bekere by

Gedurende die afgelope rugbyseisoen het verskeie bekere hulle weg na die vertoonkas in Pukkieland se kafeteria gevind.

Over de Voor het die Wes-Transvaalse vierde liga gebuit asook die Tokkie Coetzee-koshuisbeker.

Dawie Dup het die Pieter-Malan-merietebeker ingepalm. Die koshuisspan het vanjaar puike vertoon met sy oorwinnings oor die derdespanne van Wits, U.O.V.S. en P.O.K.

Die O.19-span bring die Wes-

Transvaal O.19-ligabeker huis toe en daarbenewens het die toerspan die seldsame prestasie behaal deur die Lionel Dynsonbeker op Standerton se rugbydag te verower. Die beker is toegeken nadat hulle die hoogste telling opgestapel het.

Die P.U.-rugbyspanne het nêrens geleentheid gehad om 'n „boat-race-trofee” te wen nie.

GEEN RUGBY

Weens die afsterwe van dr. H. F. Verwoerd het die wedstryd tussen die P.U. en Rustenburg nie Saterdag plaasgevind nie.

Die wedstryd sal later plaasvind en gaan om die Blaine-wisseltrofee.



Reg Miller, honneursstudent in Farmasie aan die P.U., ontvang die golf wisseltrofee van mnr. L.M. Jacobs namens die Pukke na afloop van die interuniversitêre golftoernooi wat onlangs plaasgevind het. In die middel staan mnr. A.P. Goossen, ook verbonde aan die Departement Farmasie.

Foto: Fotokuns.

PARADISE RESTAURANT

Dié kafee op Die Bult . . . dié kafee waar studente hul koel-drankie drink, EN SNOEKER SPEEL!

Tomstraat 86

Tel. 5474



Die trots van die P.U.! Met die rugbyspan het die Pukke vanjaar die Kovsies met die kous oor die kop huis toe gestuur tydens die Intervarsity wat verlede maand op Bloemfontein plaasgevind het. Hulle is, agter: mnr. Piet Malan (sportdirekteur), C. Kirstein, C. van der Merwe, R. du Plessis, L. de Bruin, C. van der Merwe, D. Tromp, K. du Plooy, K. le Roux, A. du Plooy, mnr. H. van Zyl (klubsekretaris en afrigter). Voor: F. van Vuuren, I. Joubert, B. Fourie, J. Schutte, W. Scott (kaptein), D. Malan, en mnr. J. Hattingh (afrigter). Met enkele veranderinge in die span is die Pote verlede Saterdag ook met 22-16 onder stof geloop.

Foto: FOTOKUNS

PUKKE KLOP POTE MET PUIK VERTONING

MET 'n welverdiende oorwinning van 22-16 het die eerste rugbyspan voorverlede Saterdag wraak geneem op die Potchefstroomse Onderwyskollege. Die rustyd telling was 11-6 in die Pote se guns.

Anders as met die rampspoedige botsing vroeër die seisoen het die P.U. voorspelers met mening ingeklim en kon die agterlyn lustig baljaar met die bal. Al die punte is deur die agterspelers aangeteken.

Die Pukke se losvoorspelers het deurgaans pui saamgejaag en hier het veral Theuns Kruger reusewerk verrig. In die lynstane het Coert van der Merwe en Dave Tromp uitgeblink.

Die P.U.-angel het egter in die agterlyn gelê. Ons dink hier veral aan die netjiese breekslag van Dries du Plooy waarmee hy sy drie behaal het. Op losskakel het Koppies le Roux ook goed vertoon.

TWEEDES MOES LES OPSê

Van die begeesterde rugby wat ons van hulle verwag het, was daar op Intervarsitydag geen sprake toe die Kovsies se tweedespan die Pukke se tweedes met 39-6 kagteloopte.

Van die begin af was dit duidelik dat die Kovsieagtal die Pukke wou bangspeel deur met mening in die losskrums in te dons, en daarna hulle gevaarlike agterlyne te laat loop. Hulle lynstaanwerk was onverbeterlik en hulle het soos klokslag die bal bemeester.

Groot geesdrif in koshuise

'n Ongekende tafeltennis-geesdrif het in bykans elke koshuis op die Puk posgevat. Sportmanne sowel as nie-sportmanne (sowel as dames) doen ewe fluks mee.

Die vraag is egter of die sportsoort, wat met die naderende bloktyd nog meer belangstelling sal verwek, suiwer ter wille van ontspanning beoefen word, en of dit ook tot georganiseerde koshuiskompetisies sal lei.

TELLING
'n Eensydige wedstryd was dit beslis nie. Die groot telling is 'n goeie aanduiding van in hoe 'n mate albei spanne die bal rondgegooi het. Uitblinkers aan die Pote

kant was Sakkie van der Merwe en Jim van Rensburg wat albei 'n bars gespeel het.

PUNTE

Die punte is aangeteken deur Dries du Plooy, Fires van Vuuren en Ibbert Joubert, elkeen 'n drie terwyl Koos du Plooy vir die res gesorg het met twee vervyfskoppe en drie strafskoppe.



Die Pluimbaldames van die P.U. bly steeds 'n bedrywige klomp. Hoewel hulle nie teen die Kovsies in Bloemfontein gaan meeding het nie, het hulle die afgelope tyd teen verskeie spanne goeie vertonings gelewer. Hier oefen Ilse Underhay en Renchi Botha in die Gimnastieksaal.

Foto: Mac v.d. Merwe



Dit is die snit wat tel . . .

- * Alba Broeke
- * Mentone Pakke
- * Monatic Hemde
- * Battersby Hoede
- * Gregory Sokkies

J. Tod Suttie

Volledige Mansuistrusters en
Sporthandelaars
POTCHEFSTROOM
Posbus 219 — Tel. 3411

WILLIE WEER OORSEE?

Gaan Willie Coetzee, bekende Springbok-hekkiesatleet van die P.U. nog in volgende maand na Argentinië?

Die vraag het ontstaan nadat 'n Springbokspan van drie deur Argentinië uitgenooi is vir 'n kort toer aan die einde van die volgende maand. Die span moet reeds op 22 en 23 Oktober in Buenos Aires wees. Kol. Japie Smith, onder-voorsitter van die S.A.A.A.U. het die naweek gesê dat hy glo dat die span uit atlete sal bestaan wat onlangs uit Europa teruggekeer het.

Die atlete is nog fiks en sodra hulle weet dat hulle kan gaan, kan hulle met volle krag begin oefen.

Willie Coetzee is een van die atlete wat onlangs uit die buitenland teruggekeer het, en die kans dat hy in die span ingesluit sal word, is baie goed.

P.U. se aptekers wen 'pin ball'

Die jaarlikse sportkragmeting tussen aptekerstudente van die Witwatersrandse Tegniese Kollege (T.P.S.A.) en die van die P.U. op Potchefstroom het op 10 Augustus plaasgevind.

Omtrent tagtig studente van Johannesburg het deelgeneem aan tennis, hokkie, rugby, sokker, 'pinball', snooker. T.P.S.A. het die Issey Kotzen-wisseltrofee vir sokker verower, terwyl P.A.S.V. die rugbytrofee vir die soveelste agtereenvolgende jaar gebuit het. Verder is die tennis, 'pinball' en snookerwedstryde deur die studente van P.U. gewen.

'n Aangename en sportiewe dag is afgesluit met 'n geselligheid aangebied deur P.A.S.V. waartydens die rugby- en sokketrofee deur die skenker, mnr. Issy Kotzen, aan die onderskeie kapteins oorhandig is.

Jonges draf G.O.K. kaf

Die O/20 rugbyspan van die P.U. het verlede Maandag hulle segetog voortgesit toe hulle die Goudstadse Onderwyskollege met 13-3 kaggedraf het.

Die span was verswak deur onttrekkings en beserings dog het soos een man saamgespeel. Onder die voorspelers het Alwyn Kruger goed gespeel en onder die agterspelers was dit Johan Kruger en Fires van Vuuren wat telkens die oog gevang het.

OVER DE VOOR VEROWER INTERKOSHUISBEKER

Over de Voor grootste manskoshuis van die P.U., het voorverlede Woensdag in 'n taai en onaanskoulike rugbywedstryd, wat veral onder die voorspelers uitgespook is, met 'n telling van 14-3 oor Dawie du Plessis' huis koning gekraai. Met hierdie oorwinning verower Over de Voor, wat reeds die Wes-Transvaalse vierde liga gewen het, ook die Tokkie Coetzee-interkoshuisbeker.

Vir Over de Voor het Basie Gey van Pittius en Barney Creighton elk 'n drie gedruk, terwyl Eugene Kruger 'n blitsige skepskop oorgeskop het. Koetie Coetzee het vir die res van die punte gesorg met 'n straf- en vervyfskop. Dawie Dup se punte is deur „Reverend” van der Merwe aangeteken.

Kaptein Eugene Kruger, Barney Creighton en Pierre van Reyneveld het vir die wenspan goed vertoon terwyl Blackie Vorster en skrumskakel Japie

Malan vir Dawie Dup uitgeblink het.

Die Wapad word gedruk deur Ensins, Potchefstroom Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.

SANLAM
vir Beskerming

„Vleispasteitjies en tamatiesous
asseblief . . .”

Turkstra

te kry by u kafeteria